# MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

## NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 7 MAART 2019 OM 13:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL – NOMMER 02/2019

1. **OPENING EN VERWELKOMING – Charl Coetzer** open met gebed en George Nezar verwelkom almal teenwoordig by die maandelikse vergadering van die Midbrak Belastingbetalersvereniging (MBBBV). Spesiale dank aan Direkteur Hennie le Roux

2. **PRESENSIE**

   A. Die volgende lede is afwesig met verskoning: Ann Pretorius, Pieter le Roux, Flippie Bezuidenhout, Robbie Landers. Andre Rayners (Bou inspekteur)

   B. Die volgende lede was teenwoordig:

   - George Nezar (GN) (Voorsitter)
   - Mike Wray (MW)
   - Johan Lotter (JL)
   - Frik Nel (FN)
   - Andre Smit (AS)
   - Buks Pieterse (BP)
   - Jacques Radley (JR)
   - Cecil Barry (CB)
   - Rdsl Annatjie Jansen Van Rensburg (AJVR)
   - Rdsl Anton Dellemijn (AD)
   - Charl Coetzer (CC)

   C. **LIEF EN LEED –** Pieter le Roux, Flippie Bezuidenhout, Robbie Landers

   D. **GOEDKEURING VAN VORIGE NOTULE-**
   Notule word aanvaar – Frik & Jacques

## 3. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

**VERSLAG BOUINSPEKTEUR** – Andre Rayners **(AFWESIG)**

a. Trappe vanaf Olckers na Kusweg (Erf 659 – Erf 2213)
b. Oortredings van bouregulasies – Impala toegange/– **Hofsaak 20 Oktober 2018 ??**
c. Val van boublokke in Impalalaan. VERSLAG?
d. Albertinia 46 – en Grysbok 83 – onvoltooide strukture?
e. Beskadiging van teeroppervlaktes – Boubedrywighede – Ekstra deposito hef?

**Terugvoering op sake**:

a. Impala toegange word ondersoek deur Stadsbeplanning, Strate en Stormwater en Boubeheer afdeling.
b. Die verslag van die ingenieur oor die keurmuur wat om geval het mag ek nie deur gee nie. Indien julle 'n afskrif wil kry van die verslag kan julle aansoek doen deur ons Regs afdeling.
c. Grysboklaan 83 het ek oor gegee aan ons Regs afdeling vir verdere optrede.
d. Albertinia 46 wag ek vir die kennisgewing om te verval dan sal ek dit oor gee aan ons Regs afdeling vir verdere optrede.

*Geen terugvoering op a. & b. Rdl Anton sal met Direkteur Karl Venter praat rakende die bou inspekteur en die epos van vrae. Rdl Anton gee terugvoering rakende b.) R300 spot fine is gegee plus 'n verdere R5000 vir minagting van die hof en 'n slopings bevel is uitgereik aan eienaar.*

**3.1** Thusongsentrum – Rigtingwysers- is rigtingwysers aangebring?-- **Rdl Anton**
*Nog steeds net op binne roetes, buite roetes soos die N2 moet rigtingwysers kry*

**3.2** Herseelprogram van **strate in ons area** – beplande datums? - **Rdl Anton**
**Terugvoer :** Let wel daar word orals gewerk, clear, gif spuit & grub 1-2 weke – tot mid Maart, daarna Slurry span 1 weke na dit vir nog 2/3 weke, so die beplanning is om mid April klaar te wees met als, as it goed verloop dan vroeer.

*Program en tydskedele word benodig rakende hierdie aktiwiteit – Rdl Anton sal opvolg en terugkom.*

**3.3** Erf 928 en Erf 271 – Brandgevaar
**Terugvoer:**
(Please be informed that a contractor has been appointed to put in a Firebreak along the Voorbaai and Jonkersberg avenue side of erf 928. This work will most likely begin on Tuesday next week. .- W Manuel )

*Ignoreer What's app boodskap en hierdie aangeleentheid is afgehandel – GN & AJVR*

**3.4** Kusweg – opgradering en sny van take

*Solly gee asb, aandag aan hierdie aangeleentheid.*

**3.5** Kennisgewingborde – Trappe na strand – *All staircases to be provided with* ***tourism information boards***

 

**Terugvoer:** Geagte MidBrak BBV

Van ons kant af, ons neem kennis van die brief inhoud aangeheg. Dit was intern bespreek, maar voldoen ongelukkig nie aan hierdie Afdeling se huidige operasionele begroting nie, asook ons interne beleid, standaarde & kriteria. Behalwe die bord koste moet daar in ag geneem word toekomstige instandhouding skedule a.g.v. aanhoudende roes en verwering op die kus. Verder is die versoek 'n "luuksheid" bo ons huidige beskikbare begroting asook ons afdeling se uitrol prioriteit program. Ons afdeling sal tans ongelukkig nie kan uithelp hiermee nie, jammer. U is egter steeds baie welkom om dit verder te bespreek met Hoof Mnr Myburgh 044 606 5252, of alternatief weer aan te klop by Dir Nel / Mnr Nel van Parke wat verantwoordelik is vir trappe na strande.

*Rdl Anton stem saam met GN, geen geskrewe borde nodig, net 2 prente borde nodig. Rdl Anton sal aandag gee.*

**3.6** Erf 564, Tergniet – Afwyking – Ons beswaar is as volg verwoord:

Die Geïntegreerde Soneringskema-regulasies vir die Mosselbaai Munisipale gebied is deur middel van verskeie openbare deelname-prosesse in 'n finale dokument beliggaam, wat deur die Provinsiale Regering: Wes-Kaap goedgekeur en op 19 Januarie 2018 in die Provinsiale Koerant gepromulgeer is. Met ander woorde, die ontwikkelings-parameters dra dus indirek die belastingbetalers se goedkeuring weg. Ons is van mening dat die hoogte-beperking in die nuwe regulasies ten doel het om woonhuise tot **twee verdiepings te beperk**, ten einde **die enkel-residensiële karakter van woongebiede** te verseker. ("The height of a dwelling-house may not exceed 6m to the wall plate in all cases ......" ) Voorts is ons van mening dat daar genoeg ruimte op die betrokke eiendom is om uitbreidings aan die bestaande woonhuis, binne die voorgeskrewe regulasies, aan te bring.

*Hierdie versoek is afgekeur en die bou proses gaan nie voort.*

## 4. AANVULLENDE AGENDA EN NUWE SAKE VIR BESPREKING

4.1 Water quality results Little Brak River

*Frik gee asb aandag aan hierdie aangeleentheid. Die lesing van die water by die treinbrug was baie hoog – Ecoli is bevind. Waar is die ontstaan van hierdie riool uitlaat in die rivier. GN – Baie gevaarlik vir inwoners en gebruikers van die rivier. Water moet nie net 1 keer getoets word en dan weer na hoog water nie, voortdurende toetse moet plaasvind. Oorsaak van water besoedeling is nou van belang.*

4.2 Verskuiwing van padwerke toerusting en voertuie – Impalaweg. (Bewarea)

*Hierdie is verskuif na die tennisbane*

4.3 Verwydering van huishoudelike gevaarlike afval – 27 en 28 Maart
*27 Maart – Mosselbaai Munisipale kantoor*
*28 Maart – Grootbrak Munisipale kantoor*

4.4 Erf 374, Reebok Le Rouxstraat – onderverdeling
*Onderverdeling gaan voort. Tans 'n publieke park en geen besware was aangeteken ten op sigte van die onderverdeling.*

5.. **FINANSIES** – Nuwe tekenmagte toeken. Kaart kry? **Mike en Buks**
*Mike, Buks & George moet na bank gaan om te teken.Buks moet opgesit word vir magtiging. ATM kaart moet verkry word om geld te trek.*

6. **Website instandhouding – Claus Ulrich** – Ons E-posadres info@midbrakratepayers.co.za

7. **BYWONING MUNISIPALE KOMITEE-RAADSVERGADERINGS – KENNISNAME**

*George & Mike woon dit by. Die laaste bywoning was die 28ste Februarie 2019*

8. **WYKSKOMITEES** –

9. **BEWAREA - midbrak conservancy/bewarea – facebook**

10. **PROJEKTE – TRIMPARK**
*JR - Bou van Trimpark in die proses. Ontbossing het begin. Terugvoering van gemeenskap, baie dankbaar vir ontbossing en sien uit na die Trimpark. Ander ongelukkig oor ontbossing en is bekommer dat dit 'n drink plek of piekniek plek kan word vir onsmaaklike mense.*

11. **POLISIëRING/BUURTWAG** - JACQUES
11.1 Misdaad – verslag

- *Dit is stil op die oomblik. Net 1 voorval van poging tot inbraak by Koedoe 33 Grootbrak is inbrake het gestyg vanaf 16 – 22 / aanranding vanaf 11 -19 / poging tot moord 3 – 11*
- *Daar is tans 'n person wat hom voordoen as 'n buurtwag personeellid en loop van huis na huis vir geld insameling. Niemand van buurtwag doen geldinsameling. Maak seker van geel baadjie, plakkers en ID kaart.*
- *Grootbrak buurtwag is groot problem op oomblik. Gebruik ons plakkers op hulle voertuie en jag mense uit midde dorp met vuurwapens. JR – moet ons plakkers terug kry asap.*

11.2 Huisnommers – *R100*

12. **PLAASLIKE SAKE**

12.1 **De Lange Uitbreiding** - Ann Pretorius –

12.2 **Toekoms** -

12.3 **Rheebok Village/Groenkloof –** Andre Smit - *Groen sake word nou verwyder*

12.4 **Fraaiuitsig** - Frik Nel en Charl Coetzer – *Groen sake word nou verwyder*

12.5 **Tergniet –**

12.6 **Tergniethoogte –** Mike Wray en George – *Nobody stops at stopstreets. Is there a problem with traffic personel? AJVR – At the moment there is a shortage and due to all the turbulence that Mossel Bay experience not enough to deploy. Will follow-up and give feedback. Will ask Director Elise Nel to write a letter. GN – Invite Mr Williamson to our next meeting.*

12.7 **Reebokhoogte** - Jacques Radley – *Vinnige herstel van ligte – SMS 44802*

12.8 **Reebokrif** - Buks.Pieterse en Flippie Bezuidenhout – Waterbok 8 Teerverbrokkeling – *Boetes moet ingestel word vir die bouers asap.*

12.9 **Reebok :** **Noord** van die Spoorlyn – Sollie Grobler
**Suid** van die Spoorlyn – Cecil Barry – *side streets stop signs not painted Hooper, Bredell, 1$^{st}$, 6$^{th}$ when will this happen?*

12.10 **Klein Brakrivier -** Robbie Landers & Pieter le Roux – Heynsstraat se trappe?

12.11 **Riverside –** *Suggestion Carlene Amos to represent*

13. **ALGEMEEN:**

| **MBBV&B AKTIWITEITSLYS 2018** | |
|---|---|
| **Onderwerp** | **Bespreking** |
| **1. Midbrak N2/R102 Ontwikkeling – voorgestelde grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of 'n soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpstigting** | Mei 2019 |
| **2. Sake by Munisipale Regsafdeling:** | **Rdl Anton** |
| **a. Tennisbane – Klein-Brakrivier (navraag oor eiendomsreg)** | |
| **b. Erf 264 en 271, Reebok (vordering van eiendomsreg)** | **Bewarea** |
| **3. SPOOROORGANGBLOKKE** | **C BARRY** |

14. **VOLGENDE VERGADERING** **Die volgende vergadering sal op Woensdag, 03 April 2019, om 13:00 by Reebok Gemeenskapsaal plaasvind.**

**Indeling van portefuljes.**

**1. Sekretariaat**

- Regsdienste — George Nezar
- Admin dienste — Mike Wray
- Verenigings Bestuur Informasie , Kommunikasie Dienste en Media skakel: — Mike Wray
- Webtuiste Klaus Ulrich (Kennisname)

**2. Kooperatiewe Dienste**

- GOP Proses — George Nezar Wyk 5
- Begrotingsmonitering en uitvoering — Buks Pieterse Wyk 4

**3. Ekonomiese Ontwikkeling**

- Bewaria- Land, Kus en Kleinbrak rivierstelsel (kennisname) — Matthew Thorpe
- Toerisme — Ann Pretorius
- Dorp en streeksbeplanning en Ontwikkeling — Pieter le Roux, Flippie Bezuidenhout
- SMME — Buks Pieterse

**4. Infrastruktuur Dienste(Tegnies & Geintegreerde)**

- Water — Cecil Barry
- Riool — Frik Nel
- Paaie en Stormwater Elektriese Dienste — Sollie Grobler

**5. Gemeenskaps Dienste**

- Veiligheid — Jacques Radley
- Rampbestuur — Buks Pieterse
- Skoonmaak van erwe & groengordels — Charl Coetzer
- Afval bestuur Gemeenskapsale — Robbie Landers

**VOLGENDE VERGADERING SAL PLAASVIND OP WOENSDAG, 3 April OM 13H00 BY DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL.**

**George Nezar**

**Voorsitter**

**MidbrakBelastingbetalersvereniging**